

## ALGEMENE DORPSONTWIKKELING

2.1 Bestuursontwikkeling2.1.1 Gesondheidskomitee van Krugersdorp

Krugersdorp was aanvanklik 'n standplaasdorp<sup>(1)</sup> en in ooreenstemming met 'n volksraadsbesluit in verband met standplase, nie geregtig op volle munisipale bestuur nie.<sup>(2)</sup> Die besluit is geneem uit vrees dat die verlening van volle munisipale status, sou lei tot die skepping van 'n regering-binneregering<sup>(3)</sup> wat 'n gevaar vir die behoud van die swaarverkreë onafhanklikheid kon wees.

Die regering was wel te vinde vir die daarstelling van gesondheidskomitees met beperkte mag op standplaasdorpe as 'n vorm van plaaslike bestuursinstelling.<sup>(4)</sup> Reeds in 1888 het die publieke aanklaer van Krugersdorp die instelling van 'n gesondheidskomitee vir die dorp bepleit.<sup>(5)</sup> In opdrag van die regering, het die mynkommissaris, bygestaan deur 'n aantal leidende inwoners, spoedig aan die werk gespring om vir die dorp gesondheidsregulasies, in ooreenstemming met die delwerpe soos Johannesburg en Barberton, op te stel.<sup>(6)</sup> Die Krugersdorpse gesondheidsregulasies is in 1889 goedgekeur en gepubliseer,<sup>(7)</sup> en het van krag gebly tot in 1896 toe die ou regulasies vervang is deur regulasies wat die verpligtinge en bevoegdhede van

- 
- 1) E.V.R., art. 120, 31/7/91. Debat in Volksraad oor die wenslikheid om 'n afsonderlike distrik te skep.
  - 2) Ibid., art. 965, 15/7/89.
  - 3) J.F. van Oordt: a.w., p. 497.
  - 4) M.S. Appelgryn: Plaaslike Bestuursinstellings in Johannesburg as grief van die Uitlanders (Historia Junie 1973, Jaargang 18, Nr. 2, p. 97).
  - 5) Krugersdorp 9: Publieke aanklaer - Staatsprokureur, 7/12/88.
  - 6) RI4783/89: Staatsekretaris - Mynkommissaris, 17/5/89.
  - 7) U.R., art. 724, 21/11/89; Staatscourant, 27/11/89.

die komitee uitgebrei het en die ledetal van vier tot vyf vermeerder het.<sup>8)</sup> Verkiezing van lede het jaarliks in Januarie plaasgevind. 'n Kieser moes manlik wees en 'n eienaar of huurder van 'n standplaas, of 'n bewoner van 'n gebou met 'n huurprys van nie minder as £36 per jaar nie.<sup>9)</sup> Dit het beteken dat nie alle inwoners vir lede van die komitee kon stem nie en in Johannesburg was dit 'n belangrike rede vir agitatie van die uitlandersbevolking vir die verkryging van groter seggenskap in plaaslike bestuursaangeleenthede.<sup>10)</sup> Alhoewel die gesondheidskomitee 'n verkose liggaam was, was die regering deur die mynkommissaris, distriksgeneesheer en gesondheidsinspekteur in die Komitee verteenwoordig.<sup>11)</sup> Die mynkommissaris het as permanente voorsitter met 'n beslissende stem 'n groot rol in die werksaamhede van die komitee gespeel vanweë sy posisie as uitvoerende amptenaar op die geproklameerde delwerpe waarvan die standplaasdorp 'n deel was.<sup>12)</sup> Die administratiewe pligte van die komitee is behartig deur 'n sekretaris wat met goedkeuring van die regering aangestel is. Hy was die gesalarieerde amptenaar van die gesondheidskomitee.<sup>13)</sup> Behalwe vir die ex-officio lede van die komitee was daar sekere kwalifikasies waaraan voornemende kandidate moes voldoen. Die algemene beginsel wat gegeld het, was dat 'n kandidaat vaste eiendom moes besit of 'n vennoot in 'n sakeonderneming wees met 'n bepaalde persentasie belang daarin.<sup>14)</sup>

---

8) T.V.R., art. 1284, 17/8/96.

9) Ibid.

10) Standard and Diggers' News, 15/8/92.

11) Staatscourant, 27/11/89; U.R., art. 474, 23/6/97.

12) Wet 1/71, Regelende - het beheer en bestuur van de Goudvelden (De Locale Wetten 1849-1885, p. 423); Wet Nr. 21/96, op het delven van en handeldrijven in edele Metalen en Edelmetalen in De Zuid-Afrikaansche Republiek (De Locale Wetten, 1896, p. 211, art. 15).

13) Vergelyk M. Adolfs: Sub-regulationien voor het Gezondheids Comité te Johannesburg, p. 22; T.V.R., art. 1284, 17/8/96.

14) T.V.R., art. 1284, 17/8/96.

Soos die naam aandui moes die gesondheidskomitee waak oor die gesondheidstoestand binne die grense van die geproklameerde standplaasdorp.<sup>15)</sup>

As gevolg van die skeiding van die goudvelde van die distrik en die aanlê van 'n distriksdorp het 'n gesondheidskomitee vir laasgenoemde ewe-eens tot stand gekom,<sup>16)</sup> wat ewe-eens oor die gesondheidsbelange van die inwoners daar gewaak het en bestaan het uit die landdros as voorsitter en drie lede, op soortgelyke wyse verkies deur die manlike burgers.

Die gesondheidsregulasies vir die Standplaasdorp het voorsiening gemaak vir die uitvoering van en beheer oor 'n groot aantal sake wat vir higiëne nodig was.<sup>17)</sup> Gepaardgaande hiermee, moes die komitee ook sekere dienste verrig wat normaalweg deur 'n plaaslike bestuur behartig is. Bepaalde dienste was die maak en instandhouding van strate, die voorsiening van water, die uitreiking van sake- en standplaaslisensies<sup>18)</sup> en die algemene beheer oor die netheid van die slagpale waarvoor afsonderlike regulasies gegeld het.<sup>19)</sup> Die uitvoering van dienste<sup>20)</sup> wat groot uitgawes geverg het, het aan die komitee, met sy beperkte inkomste, groot uitdagings gestel. Finansiële probleme<sup>21)</sup> was dikwels 'n stremmende faktor en inkomstebronne soos regeringstoelaes, boetes, lisensiegelde en eiendomsbelasting<sup>22)</sup> was nie genoegsaam om die komitee in staat te stel om dienste behoorlik te verrig nie.

Oor die onbevredigende uitvoering van sekere dienste moes die komitee dikwels hewige kritiek verduur van vyandige uitlanderelemente wat enigiets aangegryp het om die komitee af te takel. In 1895 is die komitee aangeval

15) Staatscourant, 27/11/89.

16) Staats Almanak, 1899, p. 338. Die gesondheidskomitee het nie jurisdiksie oor die nuut gestigte dorp gehad nie.

17) Vergelyk T.V.R., art. 1284, 17/8/96.

18) Ibid.

19) U.R., art. 501, 6/8/89.

20) Watervoorsiening en straatontwikkeling - (The Sentinel, 23/1/97; R2341/91: Sekretaris Gesondheidskomitee - Spesiale Landdros, 10/2/91).

21) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 4/4/96. By 'n geleentheid het die komitee oor slegs £250 beskik.

22) R2341/91: Spesiale Landdros - Sekretaris Gesondheidskomitee, 11/2/91. Die regeringstoelaes het in 1894 sowat £15.000 aan die Krugersdorpse en Klerksdorpse Gesondheidskomitees gesamentlik bedra (E.V.R., art. 1141, 4/8/94).

omdat nog geen openbare finansiële verslag gelewer is nie en oor die swak gesondheidstoestand van die dorp in die algemeen.<sup>23)</sup> By 'n ander geleentheid is kritiek uitgespreek oor die bestaan van 'n kampong in die middel van die Standplaasdorp,<sup>24)</sup> oor rondloperdiere, onnet strate en selfs oor die kerkhof wat as 'n wildernis beskryf is.<sup>25)</sup> Ook die Standplaasdorp se komitee was onderhewig aan kritiek, omdat lede nie altyd die belange van die dorp op die hart sou gedra het nie en vergaderings dikwels afgestel moes word weens 'n gebrek aan 'n kworum.<sup>26)</sup> Op die wyse is 'n klimaat geskep om die algemene publiek, en meestal Engelssprekende uitlanders, se vertroue in die gesondheidskomitee as 'n doeltreffende plaaslike bestuursinstelling te ondermyn.

Die griewe van die inwoners het egter nie op dowe ofte geval nie en die komitee het tydens 'n openbare vergadering in 1897 hom deeglik vergewis van al die klagtes.<sup>27)</sup> Ou knelpunte, soos watervoorsiening en swak strate, het weer die aandag geniet en die vergadering het die daarstelling van sekere geriewe as absoluut nodig beskou. Die daarstelling van elektriese beligting en 'n park het wye steun geniet en die komitee het aan die werk gespring om tenders vir elektriese beligting te vra en 'n besluit is ook geneem om 'n park tot stand te bring.<sup>28)</sup>

Die gesondheidskomitee vir die Standplaasdorp met sy beperkte middele het tog veel beteken vir die vestiging en ontwikkeling van die Standplaasdorp gedurende die Republikeinse tyd. Die snelgroeiende dorp het groot uitdagings aan die komitee gestel waaraan voldoen moes word. Dit was 'n leerskool waarin die inwoners vertrouwd gemaak is met die verantwoordelikheid van plaaslike bestuur, asook vir groter munisipale beheer wat later gevolg het.

---

23) Ons Volk, 7/12/95 (Hoofartikel).

24) Ibid., 9/5/96.

25) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 10/9/98.

26) B. Burger: a.w., p. 13.

27) The Sentinel, 23/1/97.

28) Ibid. Tenders wat ontvang is, was bo die finansiële vermoë van die komitee - (The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 10/9/98). Die aangeleentheid sou eers na die Anglo-Boereoorlog weer aangevoer word.

Die gesondheidskomitee het teen die einde van die Republikeinse tyd bestaan uit die volgende lede: J.A. Burger (voorsitter), dr. W. van der Merwe, distriksgeneesheer, dr. A.G. Viljoen, mnre. M. Seehoff, R.J. Tindall, W. Andreka, R. Wallis, R. Spiller (sekretaris) en gesondheidsinspekteur P.R. Fourie.<sup>29)</sup>

## 2.1.2 Die Gesondheidskomitee vir die Delwerye

Soos wat daar gesondheidsregulasies opgestel was vir die Standplaas- en Distriksdorp, is gesondheidsregulasies ook van krag gemaak vir die geproklameerde delwerye buite die grense van die Standplaasdorp. Die regulasies, bekend as die "Publieke Gesondheids Regulatien voor den omtrek van Krugersdorp,"<sup>30)</sup> het in 1895 in werking getree met die beskerming en versorging van die gesondheid van die inwoners op die delwerye as doel. Die regulasies het ewe-eens voorsiening gemaak vir die daarstelling van 'n gesondheidskomitee, bestaande uit die mynkommissaris, die distriksgeneesheer en drie lede wat jaarliks deur die bestuurders van myne op die delwerye aangewys is.<sup>31)</sup> Die mynkommissaris en distriksgeneesheer was amptshalwe lede van die gesondheidskomitees van die Standplaasdorp en die delwerye, terwyl die gesondheidsinspekteur as gesalarieerde amptenaar van die mynmaatskappye deur die regering aangestel is.<sup>32)</sup> Hy was bygestaan deur 'n uitvoerende komitee wat deur die gesondheidskomitee aangestel is.

Die inkomste van hierdie komitee is verkry deur verpligte bydraes van werkgewers, maatskappye en sindikate, bereken volgens die gemiddelde getal Blankes en Gekleurdes in hulle diens gedurende drie voorafgaande maande.<sup>33)</sup> Dit is aangevul deur 'n verpligte belasting wat deur eienaars van hotelle, huise, winkels en slagpale betaalbaar was. Die tarief het gewissel van 1/- per bediende en 7/6 per huis tot 30/- per slagplaas.<sup>34)</sup>

---

29) B. Burger: a.w., p. 14., Staats Almanak 1899, p. 338.

30) U.R., art. 601, 19/8/95; T.V.R., art. 1573, 5/9/95.

31) Staatscourant, 13/3/95.

32) T.V.R., art. 1573, 5/9/95.

33) Ibid.

34) Ibid.

Die inkomste is aangewend om dienste soos vullis- en sanitêre verwydering uit te voer, asook om die amptenare te besoldig.

Soos sy eweknie, die gesondheidskomitee vir die Standplaasdorp, het die uitvoering van dienste uitdagings gestel. Om belangstellende tenderaars vir sanitêre verwydering te kry, het dikwels probleme opgelewer sodat die diens nie altyd bevredigend uitgevoer kon word nie <sup>35)</sup> sodat die handhawing van 'n goeie gesondheidstoestand op die myne bemoeilik is. Die probleem van higiëne op die persele van die myne was die grootste gesondheidsvraagstuk waarvoor die komitee te staan gekom het. Die mynkommissaris het by geleentheid self aandag aan die probleem gegee en gewys op die gevaar van aansteeklike siektes wat kon uitbreek. Op 'n enkele standplaas was 'n nie-blanke-eethuis, 'n bakhuis en 'n slaghuis wat alles behalwe higiënies was. <sup>36)</sup> Daar is aangevoer dat die aanstelling van meer gesondheidsinspekteurs al manier was om die probleem die hoof te bied. <sup>37)</sup>

'n Ander aspek wat kritiek uitgelok het, was die samestelling van die gesondheidskomitee. Die komitee was nie 'n vry verkose liggaam nie en die onvermoë om gesondheidsprobleme oor die uitgestrekte delwerpe bevredigend op te los, was dikwels te wyte aan die feit dat die bewoners nie seggenskap in die werksaamhede van die komitee gehad het nie. Daar is selfs geagiteer vir die daarstelling van 'n aparte myngesondheidsdepartement wat beheer moes uitoefen oor die kampongs en eetplekke op die persele van die myne. <sup>38)</sup> Die regering was slegs bereid om 'n geringe toegewing te maak waarvolgens 'n lid van die publiek op die komitee kon dien, <sup>39)</sup> maar was nie bereid tot die instelling van 'n myngesondheidsdepartement nie.

## 2.2 Dorpsgroei

### 2.2.1 Geneeskundige diens

Dr. A.G. Viljoen was Krugersdorp se eerste algemene praktisyn en

---

35) Ibid., art. 1635, 14/9/95.

36) Ibid.

37) Ibid.

38) Ibid., art. 1575, 5/9/95.

39) Ibid.

distriksgeneesheer.<sup>40)</sup> Met verloop van tyd het meer geneeshere hulle op die dorp gevestig<sup>41)</sup> om vir die dorp 'n doeltreffende geneeskundige diens daar te stel. Namate die bevolking in die negentigerjare vinnig toegeneem het, het die werksaamhede van die geneeshere toegeneem. Die pokke-epidemie van die negentigerjare was 'n bydraende faktor tot die vermeerdering van die getal geneeshere<sup>42)</sup> wat teen die einde van die Republikeinse tydperk op vyf te staan gekom het.<sup>43)</sup> Sommige van die geneeshere het nie net na die inwoners se gesondheid omgesien nie, maar het ook 'n vername rol in die openbare lewe van die dorp gespeel, en het so 'n bydrae tot die vestiging van die dorp gelewer. Dr. A.G. Viljoen, onder andere, was lid van die gesondheidskomitee<sup>44)</sup> terwyl hy ook voorsitter van 'n aantal sport-en kultuurverenigings was.<sup>45)</sup> Die distriksgeneesheer wat die omliggende plase, sowel as die uitgestrekte Krugersdorpse delwerpe moes bedien, kon uit die aard van die bevolkingsgroei en die uitgestrektheid van sy jurisdiksiegebied met gepaardgaande groter gesondheidsprobleme, teen 1897 sy werksaamhede nie meer behoorlik behartig nie. Die uitbreek van gevaarlike siektes soos pokke, het die ontoereikendheid van die regeringsgeneeskundige diens verder beklemtoon, en vir doeltreffende beheer asook vir beter geneeskundige versorging is in 1898 'n tweede distriksgeneesheer vir die delwerpe aangestel wat die gebiede Roodepoort, Florida en Maraisburg moes bedien.<sup>46)</sup> Gepaardgaande met die toenemende pligte van die geneeshere en die hoë mynongeluksyfer, het die behoefte aan hospitaalverpleging 'n

---

40) U.R., art. 216, 23/4/89.

41) In 1894 het Krugersdorp 'n tweede geneesheer, dr. Nettleship bygekry. In 1895 was daar al drie geneeshere. (Staats Almanak 1895, p. 216).

42) Krugersdorp 8: Sekretaris Hoofkinderpokke-komitee - Spesiale Landdros, 29/12/98.

43) Staats Almanak, 1899, p. 338.

44) Kragtens sy amp as distriksgeneesheer.

45) Onder andere die polo-, krieket-en perdewedrenklub. (The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 29/2/96, 15/12/96, 2/5/96).

46) Krugersdorp 8: Sekretaris Hoofkinderpokke-komitee - Spesiale Landdros, 29/12/98.

dringende saak geword.<sup>47)</sup> Krugersdorp het nie oor 'n staatsondersteunde hospitaal beskik nie en beseerdes is na Johannesburg geneem wat 'n swaar las op die hospitaal geplaas het<sup>48)</sup> en die gebrek aan akkomodasie aldaar, het die nodigheid van 'n hospitaal vir Krugersdorp verder beklemtoon. As 'n tussentydse maatreël het die Hoof van Mynwese dan ook aanbeveel dat die sogenaamde "hospitaal huizen" op verskillende plekke op die Witwatersrandse goudvelde opgerig moes word<sup>49)</sup> totdat behoorlike hospitaalverpleging verskaf kon word.

Deur private inisiatief het 'n privaatverpleeginrigting op die dorp tot stand gekom,<sup>50)</sup> maar die verkryging van 'n volwaardige hospitaal was 'n saak waarvoor die inwoners hulle steeds sterk beywer het.<sup>51)</sup> Die regering was die stigting daarvan goedgesind, maar 'n gebrek aan die nodige fondse het telkens vertraging meegebring. Die inwoners het daadwerklik bygedra en by geleentheid is 'n bedrag van £1.595 hiervoor ingesamel.<sup>52)</sup>

'n Hospitaalkomitee is intussen saamgestel om met die regering te onderhandel.<sup>53)</sup> Die onderhandeling het vrugte afgewerp en tentatief is besluit om 'n hospitaal op te rig.<sup>54)</sup> Voorlopige planne is ingedien en 'n terrein is naby die spoorwegstasie aangewys. Onderhandelinge het 'n hoogtepunt bereik toe 'n voorlopige ooreenkoms met die regering aangegaan is waarvolgens die regering £6.000 bewillig het, asook 'n voorskot van £6.000 teen vyf persent rente.<sup>55)</sup> Nogtans was die fondse nie genoegsaam nie en die

- 
- 47) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 22/2/96 (Hoofartikel).
- 48) Dit was die naaste hospitaal aan Krugersdorp en is in 1888 gestig (L.E. Neame: a.w., p. 70).
- 49) T.V.R., art. 536, 18/6/95.
- 50) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 15/1/98.
- 51) Ons Volk, 7/11/95 (Hoofartikel). In April 1895 is 'n openbare vergadering gehou om 'n hospitaal aan te vra. (B. Burger: a.w., p. 12).
- 52) Ons Volk, 7/11/95 (Hoofartikel).
- 53) Ibid. Die komitee het uit landdros Human, ds. H.C. Becker, aartsdeken Temple, dr. A.G. Viljoen en mnre. Freeman, Seehoff en Voight bestaan (B. Burger: a.w., p. 12).
- 54) U.R., art. 965, 13/11/96.
- 55) B. Burger: a.w., p. 12.

hospitaalkomitee het verdere samesprekings met die Uitvoerende Raad ge-  
voer,<sup>56)</sup> wat gevolglik hul bydrae tot £10.000 verhoog het, terwyl die  
publiek 'n gelyke bedrag moes bydra.<sup>57)</sup> Die hospitaalkomitee het die ver-  
kryging van die fondse as 'n uitdaging aanvaar en 'n verdere openbare ver-  
gadering is belê waar kollektante benoem is om die publieke se deel in te  
samel.<sup>58)</sup> Die publiek het hul bydrae gedoen en in 1897 het 'n blye dag  
aangebreek toe tenders gevra kon word vir 'n hospitaal van £20.500.<sup>59)</sup>  
Weer was daar egter 'n vertraging terwyl die regering die planne finaal  
moes goedkeur. In die pers is sterk standpunt ingeneem en die behoefte  
aan 'n hospitaal, nou aangewakker deur die dreigende oorlog, is steeds  
sterk beklemtoon.<sup>60)</sup> Die naderende oorlog het dit egter onmoontlik gemaak  
om met die bou van die hospitaal te begin en die ideaal van 'n hospitaal  
is eers na die Tweede Vryheidsoorlog verwesenlik.

Een van die ernstigste krisisse waarvoor die gesondheidsdiens van die  
Zuid-Afrikaansche Republiek in die negentigerjare te staan gekom het, was  
die pokke-epidemie wat oral in die Republiek, maar veral op die Witwaters-  
rand vele slagoffers geëis het.<sup>61)</sup> Die regering het dadelik besluit om  
Spesiale Kinderpokke-komitees op verskillende plekke in die lewe te roep  
om die siekte te bestry.<sup>62)</sup>

Die endemie het op die digbevolkte Rand besonder baie slagoffers geëis  
en veral Bantoes in die mynkampongs was onder diegene wat die siekte  
ongedoen het.<sup>63)</sup> Die regering het drastiese maatreëls getref om die ver-  
spreiding van die siekte te bekamp en vir die doel is die Sentrale Pokke-

---

56) Ons Volk, 18/4/96.

57) Ibid.

58) Ibid., 11/7/96.

59) In Januarie 1897 (B. Burger: a.w., p. 12; Wesrandse historiese-  
vereniging: Die veggende dorp (Restrospec 1960-1961, volume 1,  
nr. 9, p. 32).

60. Ons Volk, 12/5/97 (Hoofartikel).

61. L.E. Neame: a.w., p. 49.

62) Sien hieroor ondermeer Staatscourant, 14/3/94, 11/4/94, 30/5/94;  
De Locale Wetten 1890-1893, pp. 1000 e.v.

63) L.E. Neame, a.w., p. 49.

komitee vir die Witwatersrandse goudvelde in 1893 in die lewe geroep.<sup>64)</sup>

Die komitee het dadelik voorkomende maatreëls in werking gestel deur spesiale afsonderingskampe op te rig,<sup>65)</sup> 'n afsonderingshospitaal in Johannesburg in te rig en 'n inentingsveldtog van stapel te stuur.<sup>66)</sup>

Die maatreëls het die epidemie laat afneem, maar aangesien nuwe gevalle steeds aangemeld is, het die regering besluit om strenger beheer oor die gesondheidstoestand op al die verskillende delwerpe uit te oefen. Hiervolgens is die Spesiale Komitee van Gesondheid vir die Witwatersrandse, Boksburgse en Krugersdorpse delwerpe in die lewe geroep.<sup>67)</sup> Die komitee het bestaan uit 'n sekretaris en drie lede en het kragtens die Kinderpokke-wet van 1895 wye magte besit om maatreëls teen pokke en ander gevaarlike siektes te tref.<sup>68)</sup> 'n Verpligte inentingsveldtog is geïmplementeerd en geen werkgewer kon enige persoon in diens neem alvorens so 'n persoon nie ingeënt is nie.<sup>69)</sup> Streng kwarantynmaatreëls is ook ingestel en die regulasies wat die komitee opgestel het, het inenting afdwingbaar gemaak en inentingsertifikate moes op aanvraag getoon word.<sup>70)</sup> Om uitgawes te bestry is die komitee deur die regering gemagtig om 'n spesiale belasting van 10/- per manlike persoon bo die ouderdom van 18 jaar te hef.<sup>71)</sup> Die komitee het ook vervoer verskaf om gevalle so gou moontlik na plekke van afsondering te neem. Op Krugersdorp het die N.Z.A.S.M. 'n aantal ambulanse beskikbaar gestel om pasiënte na die spoorwegstasie te vervoer vanwaar hulle na Johannesburg per trein gestuur is om in die afsonderingshospitaal opgeneem te word.<sup>72)</sup> Sodoende is daarin geslaag om

64) E.V.R., art. 175, 24/5/93; E.V.R., art. 748, 9/7/94.

65) L.E. Neame: a.w., p. 49.

66) Ibid., p. 50.

67) U.R., art: 1008, 28/12/97.

68) Proklamasie Nr. 598/97 (De Locale Wetten 1897, art. 1, p. 347).

69) Ibid.

70) Ibid., art. 25-30.

71) U.R., art. 360, 11/4/98.

72) Staats Almanak 1899, p. 378.

so vinnig moontlik gevalle tot die hospitaal toegelaat te kry vir die nodige behandeling.

Die streng maatreëls het die gewenste uitwerking gehad, want teen 1898 was die siekte onder beheer. As in aanmerking geneem is dat aan die Rand alleen sowat 2.000 gevalle aangemeld is en die feit dat gevalle selfs daaglik by die distriksgeneesheer op Krugersdorp aangemeld is,<sup>73)</sup> het die spoedige bekamping van die siekte aangetoon hoe suksesvol die regeringsmaatreëls was.

### 2.2.2 Bevolkingsgroei

Vanweë die uitbreiding van die delwerie het die getal uitlanders steeds vermeerder waardeur die delwersgemeenskap 'n kosmopolitiese karakter vertoon het.<sup>74)</sup> In die bevolkingsamestelling op die dorp was die Afrikaner in die minderheid en nog hoofsaaklik in die distrik gevestig.<sup>75)</sup>

Verder het die bevolking uit 'n klein groepie Hollandssprekende amptenare bestaan wat gou in getalle oorweldig was deur die vreemdelingbevolking.

Die soek na rykdom het aan die beginjare van die dorp se bestaan baie alleenloperfortuinsoekers na die delwerie gelok. Dit het 'n wanverhouding tussen mans en vroue in die bevolkingsamestelling gebring wat 'n merkbare invloed op die lewe in die dorp gehad het. Na skatting was daar sowat 20 mans vir elke vrou op die dorp en delwerie aanwesig<sup>76)</sup> en die groot getal alleenlopende mans het die dorp dikwels op horings geneem, tot so 'n mate dat Krugersdorp by tye as "Vegdorp" bekend was.<sup>77)</sup> Drink- en dobbelpartye was 'n gewilde vorm van "ontspanning", vegpartye was dikwels die gevolg van sulke plesierighede,<sup>78)</sup> sodat

---

73) Krugersdorp 188: Resident-vrederegter Florida - Sekretaris Kinderpokke-komitee, 6/7/96; Resident-vrederegter - Distriksgeneesheer Krugersdorp, 31/7/96.

74) Ibid., Spesiale Landdros - Staatsekretaris, 14/1/97; T. Williams: a.w., p. 245.

75) Dit was die posisie onder al die Afrikaners (P.W. Grobbelaar (red.) Die Afrikaner en sy kultuur I, pp. 95 - 113.

76) T.W. Williams: a.w., p. 245.

77) Ibid., Restrospec 1960-1961, p. 32.

78) Ibid. Vir die groeplewe onder die delwers sien A. Coetzee: Die opkoms van die Afrikaanse kultuurgedagte aan die Rand 1886-1936, p. 63; H. Chilvers: Out of the Crucible, p. 236.

Krugersdorp al die gedragsspatrone vertoon het wat vreemd was aan die tradisionele Boere-lewensorde.

Dit is moeilik om 'n duidelike beeld van die bevolkingsgroei op die dorp te vorm, want geen amptelike statistiese gegewens kon hiervoor gevind word nie. Syfers wat wel beskikbaar is, bring verdere verwarring want die dorp en die omliggende delwerye is vir statistiese doeleindes as 'n eenheid beskou, maar aan die anderkant kan tog 'n beeld gevorm word, want die groei van die delwerye het noodwendig 'n bevolkingsgroei in die dorp tot gevolg gehad. Die bevolking van Krugersdorp en die delwerye was in 1887, toe die dorp gestig is, sowat 300.<sup>79)</sup> Van 'n klein delwersgemeenskap het die bevolkingsaanwas bestendig toegeneem om in 1894 op sowat 600 te staan te kom.<sup>80)</sup> Die bevolkingstoename is ook weerspieël in die vermeerdering van die getal stemgeregtigdes op die delwerye. In 1895 was daar op die geproklameerde plase 114 stemgeregtigdes en 56 genaturaliseerde burgers<sup>81)</sup> wat in 1897 gestyg het tot 480 en 80, onderskeidelik.<sup>82)</sup> Volgens skatting was die totale aantal manlike bewoners van die plase rondom Krugersdorp in 1897 sowat 'n 1.000,<sup>83)</sup> terwyl die totale Blankebevolking van die dorp, die delwerye en die distrik in 1898 op 20.450 bereken is.<sup>84)</sup> Hiervan was 10.500 mans en 9.950 vroue<sup>85)</sup> sodat die wanverhouding in getalle uitgewis is. Van 'n klein delwersgemeenskap het die dorp en die delwerye in die kort tydsbestek van 11 jaar 'n groot bevolkingsvermeerdering ondervind, sodat Krugersdorp en omgewing een van die mees digbevolkte dele van die Witwatersrand teen die einde van

---

79) J.R. Shorten: Die verhaal van Johannesburg, p. 638.

80) B. Burger: a.w., p. 11.

81) Krugersdorp 8: Kommandant J.C. Bodenstein - Kommandant-generaal, 12/10/95.

82) Ibid., 85: Veldkornet B.J. Viljoen - Kommandant-generaal, 13/2/97. Vergelyk ook vermeerdering in aanvullingslys vir stemgeregtigde burgers- (Krugersdorp 85: Kennisgewing onderteken deur mynkommisaris Burger en veldkornet B.J. Viljoen; 18/1/97; Veldkornet B.J. Viljoen - Kommandant-generaal, 27/1/97).

83) Ibid., Veldkornet B.J. Viljoen - P.J. Wannenburg, sekretaris drank-kommissie Krugersdorp, 22/11/97.

84) Staats Almanak 1898, p. 36.

85) Ibid.

die vorige eeu was.

### 2.2.3 Strate

Na die uitleg van die dorp moes die eerste strate van name voorsien word. Die regering het die taak aan die eerste regeringsamptenaar, R.G. Ockerse, opgedra.<sup>86)</sup> Hy het die strate benoem na bekende amptenare van die Zuid-Afrikaansche Republiek, asook na plaaslike uitstaande kenmerke soos die monument op Paardekraal.<sup>87)</sup> Met Monumentstraat was dit Ockerse se bedoeling dat die straat dwarsdeur die dorp en verby die klipstapeling moes gaan. Toe die stadshuis later opgerig is, het die straat egter voor die stadshuis doodgeloop. Met die naamgewing van strate, soos Ockerse en Monument, het Ockerse baanbrekerswerk gedoen.

Die eerste strate was nie werklik strate in die ware sin van die woord nie, maar is beskryf as "merely foot trodden grasspaths".<sup>88)</sup> Alhoewel daar voorsiening gemaak is vir wye strate is dit aanvanklik nie ontwikkel nie en was dit stowwerig met gebreekte bottels en ander rommel wat orals rondgelê het.<sup>89)</sup>

In 1889 het landdros Human begin om bome langs die strate te plant<sup>90)</sup> en die rye bome in die sentrale gedeelte van die dorp, het later kenmerkend van Krugersdorp geword.<sup>91)</sup>

Die gesondheidskomitee was verantwoordelik vir die instandhouding en ontwikkeling van die strate wat dikwels aan die komitee, met sy beperkte mid-

---

86) The Standard and West Rand Review, 17/9/1937.

87) Meegedeel deur mev. A. Dommissie, vroeër historikus van die Krugersdorpse Stadsraad.

88) The Standard and West Rand Review, 17/9/1937.

89) T. Williams: a.w., p. 245.

90) W.R. MacNab en J.W. Smith: a.w., p. 16.

91) Waarskynlik blougombome. Tot onlangs was van die bome nog in Monumentstraat te sien (J. Botha: Krugersdorp van 1896 (Historia Oktober 1956, Jaargang 1, nr. 2, p. 118).

dele, groot uitdagings gestel het.<sup>92)</sup> Weens die gebrek aan geld en implimente was die komitee nie altyd in staat om self die strate te verbeter nie; daarom is daar dikwels by die landdros om hulp aangeklop om van regeringsgereedskap gebruik te maak om noodsaaklike instandhoudingswerk te doen.<sup>93)</sup> Die landdros was nie altyd gewillig om regeringsgereedskap beskikbaar te stel nie,<sup>94)</sup> wat die taak van die komitee verder bemoeilik het. Al die faktore het daartoe bygedra dat die komitee nie in staat was om instandhouding op behoorlike wyse te laat slaag nie en ʒ bron van ergenis vir die publiek was,<sup>95)</sup> sodat ʒ beroep op die regering gedoen moes word om hulp ter verbetering van die strate te verleen. In 1889 het die regering £800 bewillig en in 1894 is ʒ verdere £2.000 aan die komitee beskikbaar gestel.<sup>96)</sup> Om toe te sien dat die geld oordeelkundig spandeer word, het die regering die gesondheidskomitee versoek om ʒ bekwame persoon as opsigter oor straatinstandhouding aan te stel.<sup>97)</sup> Die regeringshulp is egter as ontoereikend beskou en beskuldigings van stiefmoederlike behandeling is gemaak, aangesien die dorp meer vir die staatskas ingebring het as vier of vyf van die ouer dorpe.<sup>98)</sup> Die stigting van Distriksdorp het ook daar probleme met straatontwikkeling gebring en weer moes die regering hulp aan die nuutgestigte gesondheidskomitee verleen. In 1897 is ʒ toelaag van £2.000 bewillig wat ook gedeeltelik beskikbaar was vir straatherstelwerk in die ou dorp.<sup>99)</sup>

---

92) B. Burger: a.w., p. 10.

93) J. Botha: (Historia p. 122); R2341/91: Sekretaris Gesondheidskomitee - Spesiale Landdros, 10/2/91.

94) R2341/91: Spesiale Landdros - Sekretaris Gesondheidskomitee, 11/2/91.

95) The Sentinel, 23/1/97; B. Burger: a.w., p. 10; Ons Volk, 31/10/95 (Hoofartikel).

96) U.R., art. 632, 29/8/95.

97) Ibid.

98) Ons Volk, 31/10/95 (Hoofartikel).

99) E.V.R., art. 160, 25/5/97. Jaarverslag van Hoof van Publieke Werke vir 1896. In 1899 is ʒ verdere bedrag van £3.000 bewillig vir noodsaaklike projekte (De Voortrekker, 4/3/99 (Hoofartikel)).

Alhoewel kritiek wat die Standplaasdorp betref in baie opsigte geregverdig was, het die gesondheidskomitee tog wel probeer om met straatontwikkeling tred te hou. Sommige strate is van randstene voorsien en daar is begin met die maak van 'n straat na die spoorwegstasie<sup>100)</sup> wat 'n hele ent suid van die dorp geleë was. Die hoop is uitgespreek dat die straat verlig sou word sodat passasiers wat laat op die stasie aankom, veilig die dorp kon bereik. Bome is ook ter verfraaiing langs die straat geplant sodat dit as 'n sieraad vir die dorp beskou is.<sup>101)</sup> Afgesien van die positiewe werk ten opsigte van strate, kon die publiek nie te vrede gestel word nie.<sup>102)</sup>

Die vuilheid van strate en sypaadjies en die onbegaanbare toestand daarvan was klagtes wat steeds teen die gesondheidskomitee ingebring is.<sup>103)</sup>

Aan die positiewe kant kan gesê word dat die gesondheidskomitee ten opsigte van straatontwikkeling voor 'n uitdaging te staan gekom het wat ver bo sy vermoë gestrek het. Die dorp het gedurende die eerste aantal jare baie vinnig ontwikkel en sodoende groot eise aan die komitee gestel het. Tog het die komitee baanbrekerswerk verrig deur aan die dorp sy eerste strate te gee; sommige waarvan vandag nog bestaan.

#### 2.2.4 Watervoorsiening

Watervoorsiening was ewe-eens een van die dienste waarvoor die gesondheidskomitee verantwoordelik was.<sup>104)</sup> Gedurende die eerste aantal jare van die dorp se bestaan was die gedurige tekort aan water 'n bron van kritiek teen die komitee.<sup>105)</sup>

---

100) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 2/5/98.

101) Ibid., 30/4/98.

102) Vergelyk The Sentinel, 23/1/97.

103) T. Williams, a.w., p. 245.

104) The Sentinel, 23/1/97.

105) Ons Volk, 27/2/96; The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 5/12/96 (Hoofartikel).

Die vinniggroeiende dorp het ʘ behoefte aan genoegsame water vir huishoudelike en tuingebruik gehad en ʘ tekort het dikwels die vooruitgang van die dorp gestrem.<sup>106)</sup> Baie inwoners moes in hulle eie waterbehoefte voorsien deur van ʘ ontoereikende put in die agterplaas gebruik te maak.<sup>107)</sup> Diegene wat nie ʘ put vir watervoorsiening kon gebruik nie, was afhanklik van ʘ fontein wat aan die oostekant van die dorp ontspring het en waarvan daan die water in ʘ voor deur die dorp gevloei het.<sup>108)</sup> Die fontein was Krugersdorpse belangrikste waterbron en water vir tuingebruik is ook hieruit voorsien.

Hierdie bronne het met verloop van tyd al hoe meer ontoereikend geword en in 1895 het die gesondheidskomitee besluit om ʘ put op die markplein te laat grawe.<sup>109)</sup> ʘ Handpomp is opgerig en die inwoners kon hier water vir huishoudelike gebruik bekom. Vir diere is ook voorsiening gemaak deur ʘ waterkrip wat op Markplein opgerig is. Die put het blykbaar baie water opgelewer, want in Maart 1896 het dit ʘ watervlak van ses meter gehad.<sup>110)</sup> Nieteenstaande die gesondheidskomitee se pogings het die waterposisie geensins verbeter nie en steeds kritiek by die inwoners uitgelok wat gekla het dat dit moeilik was om met emmers water by die pomp te skep.<sup>111)</sup>

Aangesien die ontoereikende watervoorsiening die ontwikkeling van die dorp gestrem het, en die gesondheidskomitee nie in staat was om dit te verbeter nie, moes die regering ook in die opsig hulp verleen. In 1895 is £25 aan die komitee beskikbaar gestel om die watervoor wat deur die dorp gegaan het te herstel,<sup>112)</sup> sodat water vir tuingebruik meer geredelik beskikbaar

---

106) Ibid.

107) J. Botha: (Historia, p. 122).

108) T. Williams: a.w., p. 245.

109) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 7/3/96, 4/4/96

110) Ibid.

111) Ons Volk, 29/2/96; The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 4/4/96.

112) T.V.R., art. 72, 14/5/95.

kon wees. In 1897 is ƚ verdere bedrag vir watervoorsiening bewillig<sup>113)</sup> en in 1898 is £100 toegestaan om die fontein met ysterpale te omhein<sup>114)</sup> om te verhoed dat vee daar suip. Dat die publiek die behoorlike omheining van die fontein as ƚ lofwaardige poging om die waterposisie te verbeter beskou het, blyk daaruit dat hulle £50 tot die koste bygedra het.<sup>115)</sup>

Nieteenstaande al die pogings was daar steeds kritiek en klagtes.<sup>116)</sup> Die tekort aan water is steeds beskou as ƚ knelpunt in die dorpsgroei en klagtes rondom die watertekort was legio. Die stowwerigheid van die strate is toegeskryf aan die gebrek aan water wat die waterkar oorbodig gemaak het.<sup>117)</sup> As ƚ vuur ƚ gebou in puin gelê het, is die waterkwessie as oorsaak aangehaal, want brande kon ewe-eens nie doeltreffend bestry word nie.<sup>118)</sup> Daar is selfs beweer dat die netheid van die dorp verbeter kon word as genoegsame water beskikbaar was.<sup>119)</sup> ƚ Plaaslike koerant het, trouens, die watervoorsiening as primitief beskryf en dat die inwoners daarmee nie meer tevrede kon wees nie, want die dorpsgroei is vertraag en die tekort is ook in die huise gevoel.<sup>120)</sup>

Die watertekort in die omgewing van Krugersdorp het selfs die mynbedryf nadelig beïnvloed. Mynmaatskappye het daarom aansoek om waterregte op die dorpseiendom gedoen om so enigsins hul werksaamhede aan die gang te hou.<sup>121)</sup> Aan die ander kant het Krugersdorpse waterprobleem die geleent-

---

113) E.V.R., art. 160, 25/5/97.

114) R14249/98: Spesiale Landdros - Staatsekretaris, 24/7/98; U.R., art. 1215, 25/8/98.

115) Ibid., Krugersdorp 9: Hoof van Publieke Werke - Spesiale Landdros, 12/4/99.

116) The Sentinel, 23/1/97.

117) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 5/12/96 (Hoofartikel).

118) Ibid.

119) Ibid., 7/3/96.

120) Ibid., 5/12/96, 26/2/98 (Hoofartikel).

121) R4164/89: L.U. Lanham - Mynkommissaris, 25/3/89; Mynkommissaris - Hoof van Mynwese, 17/8/91.

heid aan winssoekers verskaf om die regering lastig te val met allerlei voorgestelde waterskemas.<sup>122)</sup> Die landdros het die voorgestelde skemas afgekeur en was nie bereid om die konsessiestelsel, na aanleiding van Johannesburgse watervoorsiening, aan te beveel nie. want volgens hom was sulke skemas slegs vir eie gewin.<sup>123)</sup> Hy het daarop gewys dat Krugersdorp uit sy eie bronne genoegsame water kon voorsien, want 'n tweede fontein is waarskynlik naby die monument oopgegrawe wat met weinig koste ontwikkel kon word.<sup>124)</sup>

Die waterposisie het egter 'n bron van kommer gebly en die 'luuksheid' van kraanwater het die inwoners steeds ontwyk.<sup>125)</sup> Eers na die Anglo-Boereoorlog sou die waterprobleem daadwerklik aangepak word deur die bou van 'n reservoir en die aanlê van waterleidings.<sup>126)</sup>

#### 2.2.5 Regeringsgeboue

Die regeringsadministrasie was aanvanklik tipies van 'n delwerskamp en daar was nie sprake van geboue nie. Die ontdekking van goud met gepaardgaande toestroming van delwers het akkommodasie vir die vestiging van die regeringsadministrasie noodsaaklik gemaak en 'n tent en 'n sinkhuisie was die vinnigste moontlike manier om die regeringsadministrasie te huisves.<sup>127)</sup> In hierdie eerste sinkhuisie was die eerste amptenare, soos die agerende mynkommissaris en die polisie gehuisves.<sup>128)</sup> Langsamerhand het die eerste primitiewe fasiliteite plek gemaak vir regeringsgeboue wat 'n sieraad vir die dorp was.

Die oprigting van regeringsgeboue het, soos die dorp ontwikkel het, al hoe

---

122) RI0190/89: Kock en Hollins - Staatsekretaris, 27/9/89; J.C. Bodenstein en A.G. Viljoen - Staatsekretaris, 19/10/89; R383/90: C.W. Deeker - Staatsekretaris, ongedateerd.

123) RI0515/90: Spesiale Landdros - Staatsekretaris, 26/7/90.

124) Ibid.

125) J. Botha: (Historia, p. 122).

126) T. Williams: a.w., p. 245.

127) Sien hierbo p. 20. Waarskynlik op die hoek van Kruger en Ockersestrate.

128) J.C. Fourie: Die stigters van Krugersdorp (The Standard and West Rand Review, 17/9/1937).

meer noodsaaklik geword. In 1888 is h mynkommissariskantoor opgerig op h blok standplase wat by die aanleg van die dorp as regeringseiendom uitgehou was.<sup>129)</sup> Die standplase was waarskynlik suid van die huidige Stadsaal geleë, waar die ou goewermentsgebou later sou verrys. Die oprigting van h gevangenis is ook in 1888 aangepak en die klein sinkgebou-tjie met sy drie selle<sup>130)</sup> wat in Kommissarisstraat geleë was, sou spoedig onvoldoende ruimte verskaf. Die landdros was om die rede somtyds ge-noodsaak om misdadigers wat andersins tronk toe moes gaan tot h ligte boete te vonnis.<sup>131)</sup> Die toedrag van sake het die vergroting van die be-staande gevangenis of die oprigting van h nuwe tronkgebou dringend gemaak.<sup>132)</sup> In 1889 is tenders gevra om die gevangenis te vergroot,<sup>133)</sup> maar teen 1895 was die vergrote gevangenis weer onvoldoende.<sup>134)</sup> Die toename in misdaad op die delwerpe het steeds groter eise aan gevangenis-akkommo-dasie gestel en dikwels moes die landdros gevangenes aan pale laat vas-boei.<sup>135)</sup> Die oorvol gevangenis was ook nie altyd higiënies nie en kritiek is teen die ongewenste toestand uitgespreek.<sup>136)</sup> h Nuwe tronkgebou is nie opgerig nie, maar as h tydelike maatreël sou drie selle van sink by die bestaande gebou gevoeg word.<sup>137)</sup>

Namate die regeringsadministrasie uitgebrei het, het die vraagstuk van sen-tralisasie van die staatsdepartemente al hoe meer op die voorgrond getree. Die beplanning van h regeringsgebou wat as regeringsetel kon dien en ter-

---

129) Sien hierbo, pp. 31-32.

130) Krugersdorp 9: Publieke aanklaer - Staatsprokureur, 15/12/88.

131) Ibid.

132) Ibid., Publieke aanklaer - Staatsprokureur, 7/12/89.

133) Staatscourant, 21/8/89.

134) Krugersdorp 9: Sipier van gevangenis - Staatsekretaris, 26/9/95.

135) Ons Volk, 15/12/96 (Hoofartikel).

136) Krugersdorp 8: Distriksgeneesheer - Staatsprokureur, 8/12/96.

137) Ibid., Inspekteur van Gevangenis - Spesiale Landdros, 11/3/96.

selfdertyd die meeste staatsdepartemente kon huisves,<sup>138)</sup> sou nie net die administrasie meer doeltreffend maak nie, maar kon ook 'n sieraad vir die dorp wees. In 1890 is die ideaal verwesenlik toe daar tenders vir 'n sodanige gebou gevra is. Die tender van J.M. Mante ten bedrae van £12.210 is aanvaar.<sup>139)</sup> Op 18 September 1890 het president Kruger die hoeksteenlegging waargeneem van die gebou<sup>140)</sup> wat op die blok regering-standplase sou verrys.

Soos oral in die land gebruiklik was, moes ook vir die militêre paraatheid van die burgers van Krugersdorp en omstreke gesorg word. Die voorsiening van ammunisie vir skietoefening het die oprigting van 'n kruitmagasyn tot gevolg gehad<sup>141)</sup> wat in 1893 voltooi is.<sup>142)</sup> Ook vir die polisie diens is 'n bouprogram van stapel gestuur. In Junie 1896 is tenders gevra vir die bou van die polisiekasernes en stalle.<sup>143)</sup> Die gebou wat in Kommissarisstraat geleë was, was teen Julie 1897 voltooi.<sup>144)</sup> Dit was 'n reghoekige gebou waarvan die sye 26 meter lank was en wat vir baie jare sy doel gedien het. Vir die polisie is huisvesting verskaf deur die oprigting van enkelhuise met rooisteenmure.<sup>145)</sup> Hierdie polisie-woonhuise was waarskynlik in Distriksdorp geleë.

Die spoorwegverbinding met Johannesburg het 'n snelle spoorweguitbreiding tot gevolg gehad en die ou tydelike gebou het nie meer aan die groter be-

---

138) R6351/89: Spesiale Landdros - Staatsekretaris, 18/6/89.

139) U.R., art. 373, 16/5/90.

140) B. Burger: a.w., p. II. Die gebou was tot onlangs nog in gebruik en is een van die skakels tussen die ou Krugersdorp en die huidige moderne dorp. Daar word ook pogings aangewend om die gebou tot nasionale gedenkwaardigheid te verklaar.

141) P.W. 1892-1893: Goewermentsargitek - Spesiale Landdros, 2/6/92.

142) Ibid., Goewermentsopsigter - Goewermentsargitek, 26/11/93.

143) U.R., art. 568, 9/7/96; Staatscourant, 6/5/96.

144) P.W. 145: Uitbetaling van laaste bedrag van aannemersprys, 6/7/97.

145) U.R., art. 626, 20/11/94.

hoefte voldoen nie. In 1896 is die nuwe stasiegebou voltooi<sup>146)</sup> en die gebou met sy breë perron, gerieflike kaartjieskantoor en openbare wagkamer was een van die belangrikste projekte wat in 'n groot behoefte voorsien het.<sup>147)</sup> Die ou stasiegebou is steeds gebruik en wel as kantoor vir die goederedepartement, terwyl 'n goedereloods ook opgerig sou word.<sup>148)</sup> Die oprigting van 'n doeltreffende markgebou, was 'n ander projek waarvoor die inwoners hulle in die laat negentigerjare sterk beywer het.<sup>149)</sup> Die markgebou op Markplein, was 'n klein platdaksinkkonstruksie<sup>150)</sup> wat aanvanklik aan sy doel beantwoord het, maar Krugersdorp het as mark vir plaasprodukte steeds gegroei<sup>151)</sup> en gevolglik het die markgebou al hoe meer ondoeltreffend geword. Somtyds moes groente en ander produkte in die opelug uitgestal word met gepaardgaande verliese vir die produsent. Om die posisie te verbeter, het markmeester Bedford verskeie samesprekings met die regering oor die oprigting van 'n nuwe markgebou gevoer. Die regering het vanweë 'n gebrek aan fondse nie sy weg oopgesien om 'n nuwe gebou op te rig nie<sup>152)</sup> en het slegs fondse bewillig om die gebou van tafels te voorsien om die doeltreffendheid daarvan te verhoog.<sup>153)</sup>

Die verklaring van Krugersdorp tot afsonderlike distrik met Distriksdorp as setelplaas, het 'n verdere kompleks van 'n regeringsgebou meegebring. 'n Regeringsgebou regoor die Paardekraalmonument is opgerig waarin die landdros en publieke aanklaer se kantore gehuisves was.<sup>154)</sup> Langs die gebou is vier tydelike geboue opgerig bestaande uit die gevangenis, sipierswoning, 'n woning vir die berede konstabels en 'n perdestal.<sup>155)</sup> Dat die

---

146) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 1/8/96.

147) Ibid.

148) Ibid.

149) The Krugersdorp Standard, 28/1/99, 24/6/99.

150) J. Botha: (Historia, p. 119). Die markgeboutjie was op die markplein geleë waar die Stadsaal vandag is.

151) Sien onder meer Ons Volk, 17/12/95; The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 21/3/96; The Krugersdorp Standard, 21/1/99.

152) The Krugersdorp Standard, 21/1/99, 24/6/99.

153) Ibid., 24/6/99.

154) P.W. 1894-1897: Register van Goewermentseiendom vir distrik Krugersdorp, volg nr. 1.

155) Ibid., Weekrapport van Goewermentsopsigter, 1/9/97.

regering binne 'n kort tydsbestek die regeringsadministrasie in die nuutgestigte dorp kon vestig deur die oprigting van die nodige geboue, het aangetoon dat doeltreffende gewestelike bestuur 'n groot oorweging by die Republikeinse bewindhebbers was.

Teen die einde van die Republikeinse tyd, het die stand van die regeringsgeboue 'n duidelike beeld van die omvang en uitbreiding van die regeringsadministrasie vir die tydperk 1887-1899 gegee. Die snelle groei van die dorp het steeds groter eise aan die regering gestel om die nodige fasiliteite te voorsien en daar was teen die einde van die Republikeinse bewind projekte wat dringend aangepak moes word.<sup>156)</sup>

#### 2.2.6 Staatsinkomste en -uitgawes

Die Krugersdorpse goudvelde het vanaf sy ontstaan 'n groot inkomste aan die staat gelewer.<sup>157)</sup> Die dorp het as gevolg van die mynbedryf vooruitgang getoon en stoflike welvaart was oral op die delwerpe te bespeur.<sup>158)</sup> Die mynbedryf het as geheel 'n periode van voorspoed ingelei, Transvaal is verryk en het die rykste gebied van Suid-Afrika geword.<sup>159)</sup> Die goudproduksie het vinnig toegeneem en die staatsinkomste uit belastinge het jaar na jaar 'n groot vermeerdering getoon. Sodoende is die Zuid-Afrikaansche Republiek verlos van sy finansiële probleme en 'n tydperk van ekonomiese oplewing het op alle terreine na vore getree.<sup>160)</sup> In 1889 het 'n ekonomiese insinking die mynbedryf getref wat 'n nadelige uitwerking op die bedryf en die ekonomie gehad het.<sup>161)</sup> Baie kleiner mynmaatskappye het ten

---

156) 'n Hospitaal, markgebou, geboue vir die regterlike kommissaris en elektriese beligting (The Krugersdorp Standard, 21/1/99, 22/4/99, 24/6/99; The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 29/2/96, 30/4/98.

157) Ons Volk, 31/10/95 (Hoofartikel).

158) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 28/3/96 (Hoofartikel).

159) Sien hieroor onder meer D. Jacobsson: a.w.; G.T. Amphlett: a.w.; H. Chilvers: a.w.

160) A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid, A.L. Geyer (red.): Geskiedenis van Suid-Afrika II, pp. 244-245.

161) D. Jacobsson: a.w., p. 68.

gronde gegaan en 'n gevoel van wantroue het in die bedryf geheers. Vanaf 1892 het die mynbedryf sy probleme oorkom en ongeëwenaarde vooruitgang getoon tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog.<sup>162)</sup>

Die Krugersdorpse goudvelde het in die vooruitgang gedeel en vir die jaar 1888 is 'n bedrag van £68.768 in die vorm van belastinge in die staatskas gestort.<sup>163)</sup> Van hierdie bedrag het die Krugersdorpse mynbedryf die grootste bydrae gelewer. Delwers en prospekterlisensies het as belasting sowat £45.000 opgelewer en was die grootste enkele inkomste-item.<sup>164)</sup> Uitgawes het op £6.673 te staan gekom en het hoofsaaklik bestaan uit salarisse, die verskaffing van dienste en die voorsiening van klere en voedsel aan die polisie en gevangenes.<sup>165)</sup>

Die uitbreiding van die goudvelde met gepaardgaande vergroting van die regeringsadministrasie, asook die skepping van 'n nuwe distrik, het die staatsuitgawes ewe-eens geweldig laat toeneem. Waar die staatsuitgawes in 1888 slegs £6.673 was, het dit binne tien jaar, dit wil sê in 1898, byna vyfvoudig vermeerder om op £31.773 te staan te kom.<sup>166)</sup> Salarisse was die grootste uitgawe-item, hoofsaaklik vanweë die vermeerdering van die getal amptenare wat in 1898 136 was.<sup>167)</sup> Waar die staatsuitgawes in 1898 'n hoogtepunt bereik het, was dit dieselfde jaar ook 'n rekordjaar ten opsigte van die staatsinkomste. Die distrik het £10.285 opgelewer,<sup>168)</sup> terwyl die goudvelde £164.376 tot die staatskas bygedra het.<sup>169)</sup> Die bedrag van £164,376 was die derde grootste bydrae van al die goudvelde aan die staat. Slegs die Johannesburgse en Boksburgse goudvelde het meer bygedra. Hierdie syfers het op die welvaart van die Krugersdorpse goudvelde as

---

162) P. Emden: a.w., p. 354.

163) E.V.R., art. 9, 6/5/89. Staat van inkomste en uitgawes van die Krugersdorpse delwerre.

164) Ibid.

165) Ibid.

166) E.V.R., art. 12, 15/2/98. Begroting uitgawes van Krugersdorpse delwerre.

167) Ibid.

168) Ibid. Begroting inkomste van Krugersdorpse delwerre.

169) Ibid.

inkomstebron vir die staat gewys. So het die goudvelde <sup>170)</sup> *h* betekenisvolle bydrae tot die staatskas gelewer en terselfdertyd grootliks die vooruitgang van die dorp gestimuleer. Alhoewel die Krugersdorpse goudvelde *h* groot bydrae jaarliks tot die staatskas gelewer het, was dit ook *h* aanklag teen die regering se onwilligheid, om die nodige fondse beskikbaar te stel, <sup>171)</sup> om sekere projekte wat noodsaaklik was vir die vooruitgang van die dorp, te finansier.

## 2.2.7 Kommunikasie

### 2.2.7.1 Padverbindings

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het *h* snelle verkeersuitbreiding tot gevolg gehad en verbindingsweë moes geskep word om hieraan te voorsien. Die goudmynbedryf het *h* mark vir die boere in hulle midde geskep en transportry het meer as vantevore *h* lonende bedryf geword. <sup>172)</sup> Paaie moes gebou word om die Witwatersrandse mynbedryf van die nodige masjinerie en die bevolking van lewensbehoefte te voorsien; gevolglik is *h* blitspadbouprogram, om die Witwatersrand met verskillende streke te verbind, van stapel gestuur.

Reeds voor die stigting van Krugersdorp in 1887, het padbou in aanvang geneem toe daar terwille van die feesvieringe van 1886 *h* behoorlike pad, waarskynlik vanwaar die dorp later sou verrys na die klipstapeling, gebou is. <sup>173)</sup> Die goudmynbedryf het ook in Krugersdorp net soos in Johannesburg *h* welvarende mark vir landbouprodukte geskep <sup>174)</sup> en gevolglik het *h* aantal belangrike padverbindings tussen Krugersdorp en die noordwestelike-Transvaal in die negentigerjare ontstaan. Die bou van padverbindings tussen Krugersdorp en Swartruggens, <sup>175)</sup> tussen Krugersdorp, Rustenburg <sup>176)</sup>

---

170) The Krugersdorp Standard, 9/9/99 (Hoofartikel).

171) Ons Volk, 31/10/95 (Hoofartikel).

172) D.W. Krüger: Paul Kruger II, p. III.

173) R5620/86: M.P.W. Pretorius - Staatsekretaris, 9/11/86.

174) The Krugersdorp Standard, 24/6/99.

175) T.V.R., art. 72, 14/5/95.

176) Ibid.

en Ventersdorp en die onderlinge verbindings tussen die sentrums het byna die hele noordwes-Transvaal toegang tot die Witwatersrandse goudvelde verleen. In die verband was die sluiting van kontrakte in 1895 vir die bou van die sogenaamde "Hoogeveldweg" tussen Krugersdorp en Johannesburg 'n verdere mylpaal in die verkeersontwikkeling.<sup>178)</sup> 'n Snelle verkeer tussen die verskillende goudvelde was die gevolg en die voorsiening van masjinerie en ander behoeftes kon vanuit Johannesburg veel gouer na die Krugersdorpse delwerpe vervoer word. Aan die anderkant het die pad, asook die padverbindings tussen Krugersdorp en die noordwestelike Transvaal, die streek met die Witwatersrand verbind en aan die boere die gewenste, volle afset van die Johannesburg mark gebied.

In die padnetwerk was Krugersdorp dus 'n belangrike skakel tussen die Witwatersrand en sekere landboustreke. Deur die padverbindings, onder andere ook met Pretoria,<sup>179)</sup> kon Krugersdorp ontwikkel tot 'n belangrike-sentraalgeleë sentrum vir sakeondernemings.<sup>180)</sup>

#### 2.2.7.2 Spoorwegontwikkeling

Die Witwatersrandse snelle ontwikkeling het die verbetering van verkeersweë en vervoermiddels noodsaaklik gemaak. Die transportwa, wat aanvanklik gebruik was, was 'n langsame en duur vervoermetode en gaandeweg het spoorwegontwikkeling 'n dringende vereiste geword.<sup>181)</sup> President Kruger wat dit as sy lewensideaal gesien het om vir Transvaal 'n eie spoorwegverbinding met Lourenco Marques te besorg, het hom sedert 1884 doelgerig

178) T.V.R., art. 72, 14/5/95; P.W. 1895-1898: Afdeling weë kontrakte.

179) Krugersdorp 9: Kontrak Spesiale Landdros - M.P.W. Pretorius, 22/2/89; U.R., art. 398, 16/9/91; P.W. 1895-1898: Afdeling weë kontrakte, bestek nr. 1 en 2.

180) The Krugersdorp Standard, 9/9/99.

181) Sien hieroor onder meer D.J. Coetzee: Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek 1872-1899; J. van der Poel: Railways and Customs Policy in South Africa; P.J. van Winter: Onder Krugers Hollanders.

aan die taak gewei.<sup>182)</sup> Na die ontdekking van goud het Kruger onder geweldige druk verkeer om tot spoorwegverbindings met die Oranje-Vrystaat, die Kaapkolonie en Natal toe te stem<sup>183)</sup> en alhoewel hy die druk in 'n mate weerstaan het om sy eie oostelyn tot voltooiing te bring, moes hy onder die druk van omstandighede tog in 1892 en 1894 toestem dat die Kaap-Vrystaatse spoorlyn van die Vaalrivier en die Natalse spoorlyn vanaf Charlestown na Johannesburg onderskeidelik verleng word.<sup>184)</sup> Na die voltooiing van die Oostertyn in 1894 is Kruger se lewensideaal verwesenlik, maar dit het ook 'n tydperk van mededinging met ander spoorweë oor die Randse verkeer ingelui, waaruit 'n hewige tariewestryd met bepaalde politieke gevolge ontwikkel het.<sup>185)</sup>

'n Ander belangrike spoorwegontwikkeling waarvoor president Kruger hom beywer het, was die bou van die sg. "Randtrem"; dit wil sê, 'n tremweg vanaf die Boksburgse steenkoolvelde na die Johannesburgse myne.<sup>186)</sup> Die burgers van die Z.A.R. was uit die staanspoor gekant teen enige spoorwegverbindings<sup>187)</sup> en toe daar sprake was van die bou van spoorlyne langs die Witwatersrand, het verdere besware van die kant van die burgers gekom. Vir baie was spoorlyne 'n onnodige nuwigheid wat die transportryer in sy bestaan kon bedreig.<sup>188)</sup> Selfs in die Volksraad was daar teenkanting en Kruger moes op taktvolle wyse die weerstand probeer oorkom.<sup>189)</sup> 'n Aantal burgers het by geleentheid die President by die Paardekraalmonument ontmoet om hulle standpunt oor spoorwegverbindings op die Witwatersrand

---

182) Sien D.W. Krüger: Paul Kruger II, pp. III-124; G.D. Scholtz: Oorsake I, hoofstuk 3 en 5.

183) Vergelyk: G.D. Scholtz: Oorsake I, pp. 247-249; J.S. du Plessis: Die Suid-Afrikaanse Republiek (C.F.J. Muller (red.): Vyfhonderdjaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, (p. 248).

184) Ibid.

185) G.D. Scholtz: Oorsake I, pp. 249-261.

186) J.S. du Plessis: Die Suid-Afrikaanse Republiek (C.F.J. Muller (red.): Vyfhonderdjaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 249).

te verduidelik. Met takt, eie aan die President, het hy verduidelik dat die Witwatersrandse ontwikkeling <sup>h</sup> vinniger vervoermiddel nodig het en daar-deur die openbare opinie in <sup>h</sup> mate ten gunste van sy spoorwegplanne gestem.<sup>190)</sup>

Selfs tydens die Volksraadsitting van 1888 het Kruger, na heelwat teenkanting, die Raad oorreed om <sup>h</sup> konsessie aan die N.Z.A.S.M. te verleen vir die bou van <sup>h</sup> spoorweg vanaf die Boksburgse steenkoolvelde na Johannesburg om die myne van die belangrike grondstof te voorsien.<sup>191)</sup> Spoedig moes die Volksraad ook <sup>h</sup> besluit neem oor die verlenging van die "tremweg" na Krugersdorp en in 1889 is hiervoor goedkeuring verleen.<sup>192)</sup> Die spoorwegverbinding is in November 1890 tot op Roodepoort voltooi en <sup>h</sup> maand later is die spoorlyn tussen Krugersdorp en Johannesburg in gebruik geneem. Vanaf 10 Februarie 1891 was daar <sup>h</sup> passasiersdiens tussen Roodepoort en Krugersdorp<sup>193)</sup> terwyl <sup>h</sup> vierkeer-daaglikse diens tussen Krugersdorp en Johannesburg ingestel is. Verdere spoorwegontwikkelinge waarby Krugersdorp grootliks gebaat het, het in 1896 gevolg toe <sup>h</sup> daaglikse Krugersdorp/Randfonteindiens ingestel is.<sup>194)</sup> Die verbinding met Johannesburg het die Krugersdorpse goudvelde, na die voltooiing van die spoorlyne met die kushawens, dus direk met die buitewêreld in aanraking gebring.

Spoorwegontwikkeling was aanvanklik slegs tussen die Witwatersrand en die kushawens, maar nadat die voordele van spoorweë besef is en die vooroordele afgeneem het, kon daar aandag geskenk word aan die bou van taklyne en daardeur<sup>195)</sup> vrugbare landboustreke met Johannesburg in verbinding gebring.<sup>195)</sup> Sodoende kon die landboubedryf in sekere streke op <sup>h</sup> meer winsgewende grondslag geplaas word deur byvoorbeeld boere van die verafgeleë streke toegang tot die Johannesburgse mark te verleen. Ook die boere van die westelike Transvaal het hulle sterk beywer vir <sup>h</sup> spoorweg-

---

190) The Standard and West Rand Review, 17/9/1937.

191) D.J. Coetzee: a.w., p. 71.

192) U.R., art. 458, 24/7/89.

193) B. Burger: a.w., p. II.

194) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 7/3/96.

195) Memorie A. Dittman, A.L. Luck en 52 andere van Schoonspruitse Goudvelde - Sekretaris van Eerste Volksraad, April 1895.

verbinding met die Witwatersrand, waarteenoor die Volksraad nie onsimpatiek gestaan het nie.<sup>196)</sup> So n verbinding het die verdere voordeel ingehou dat Potchefstroom met Johannesburg in verbinding kon kom deur die bestaande spoorweglyn tussen Krugersdorp en Johannesburg.

In 1893 het die Eerste Volksraad die regering gemagtig om n spoorweg tussen Krugersdorp en Potchefstroom te bou,<sup>197)</sup> sodat daar in 1894 met opmetingswerk begin kon word.<sup>198)</sup> Onderhandelinge met die N.Z.A.S.M. is met n kontrak beklink en in Julie 1895 is daar n aanvang met die bou van die spoorlyn gemaak.<sup>199)</sup> Die koste aan die projek verbonde sou sowat £748.000 bedra, waarvan die regering £548.000 sou moes bydra.<sup>200)</sup> Die werk aan die trajek het vinnig gevorder en in 1896 is n gedeelte van die spoorlyn vir goedere en passasiersverkeer oopgestel.<sup>201)</sup> Op 21 Januarie 1897 is die spoorlyn deur president Kruger geopen, *(which) provided a rich agricultural area of the Transvaal with a marketing link to the consumers of the Witwatersrand*.<sup>202)</sup> Vir Krugersdorp was dit n verdere hoogtepunt as n belangrike verbindingskakel tussen Johannesburg en die Westelike Transvaal en was dit n bydraende faktor tot die bereikbaarheid van Krugersdorp as handelsentrum vir sekere landboustreke.

### 2.7.3 Posvervoer en telegrafie

n Ander aspek van kommunikasie wat as gevolg van die ontstaan van die

---

196) E.V.R., art. 1203, 26/8/93.

197) Ibid.

198) U.R., art. 54, 26/1/94.

199) Ibid., art. 47, 18/1/95.

200) Ibid., art. 587, 14/8/95.

201) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 18/4/96.

202) T.V. Bulpin: a.w., p. 247.

Witwatersrandse goudvelde vinnig ontwikkel het, was posvervoer. Krugersdorp het ook in die verband die aandag van die regering gekry. Aanvanklik het die poskoets twee keer per week, vanaf Kimberley op pad na Johannesburg, by die dorp aangedoen.<sup>203)</sup> Selfs voor die voltooiing van die spoorwegverbinding tussen Krugersdorp en Johannesburg, het daar al 'n dringende behoefte ontstaan vir 'n direkte posdiens tussen die twee snelgroeiende dorpe. Om aan die behoefte te voldoen, is in Junie 1889 'n posagentskap op die dorp geopen,<sup>204)</sup> terwyl in dieselfde jaar 'n weeklikse posdiens tussen Krugersdorp en Johannesburg ingestel is.<sup>205)</sup> Die getal posstukke het sodanig vermeerder dat bykomende personeel aangestel moes word wat in 1890 op vier te staan gekom het<sup>206)</sup> en wat soos die volume pos vermeerder het, byna elke jaar vermeerder moes word. Spoedig was die weeklikse posdiens tussen Johannesburg en Krugersdorp ontoereikend en weens die uitbreiding van die goudvelde moes 'n vierkeer-weeklikse diens ingestel word.<sup>207)</sup> Hierdeur is die hoeveelheid pos grootliks vermeerder en het die personeel gebuk laat gaan onder steeds toenemende werksaamhede.<sup>208)</sup>

'n Ander ontwikkeling wat as gevolg van die uitbreiding van die handel en die mynwese noodsaaklik geword het, was 'n direkte telegrafiese verbinding met Johannesburg. Die regering het die noodsaaklikheid van die vorm van kommunikasie ingesien en in 1890 is 'n telegraafkantoor op die dorp geopen.<sup>209)</sup> Diensure was aanvanklik beperk en was slegs beskikbaar vanaf 09h00 - 13h00 en vanaf 14h00 - 18h00, behalwe Woensdagmiddae wanneer geen diens beskikbaar was nie.<sup>210)</sup> Die diensure was spoedig ontoereikend en in 1895 is die diensure met een-en-'n halfuur verleng en die sluiting op Woensdagmiddae opgeskort.<sup>211)</sup> Die telegrafiese verkeer het gevolglik baie vermeerder en om beheer oor die toenemende werksaamhede uit te oefen, is 'n hoofamptenaar met die rang van direkteur in 1896 aangestel.<sup>212)</sup> Deur dié aan-

203) J. Botha: *Historia*, p. 120. Die poskoets het vanaf Mafeking ook twee keer per week aangedoen (T.V.R., art. 16, 5/5/96).

204) Staatscourant, 16/6/89. Die posagent was Jacobus Niewenhuis.

205) Staatscourant, 24/7/89.

206) Staats Almanak, 1890, p. 120.

207) U.R., art. 74, 30/1/90.

208) Ons Volk, 7/11/95.

209) Staatscourant, 12/2/90.

210) Ibid.

211) T.V.R., art. 25, 6/5/96.

212) U.R., art. 344, 5/5/96.

stelling is die telegraafwese losgemaak van die beheer van die posmeester. Die uitbreiding van die poswese in die negentigerjare het die behoefte aan 'n doeltreffende poskantoorgebou sterk na vore laat tree. Die regering moes gevolglik aan so 'n bouprojek aandag gee en in 1896 is die oprigting van so 'n gebou in beginsel, goedgekeur.<sup>213)</sup> In November 1897 was die projek teen 'n koste van £1.435 voltooi.<sup>214)</sup> Vir die poswese was dit 'n groot mylpaal, want die probleem van onvoldoende ruimte wat vanaf die begin die werksaamhede van die poswese belemmer het, is hiermee oorkom.

Die owerheid moes ook aandag gee aan posvoorsiening aan omliggende plattelandse plekke. So is 'n diens tussen Rustenburg en Krugersdorp ingestel<sup>215)</sup> asook tussen Krugersdorp en Blaauwbank. Die diens met Blaauwbank is in 1895 tot twee keer per week vermeerder.<sup>216)</sup> Dit het op die besondere aanvraag na posvoorsiening tussen delwersgemeenskappe gedui. Om die distrik ook nie af te skeep nie, is op verskillende plekke posagente aangestel by wie pos afgehaal en versend kon word.<sup>217)</sup>

Daar kan nie met sekerheid bepaal word of Krugersdorp wel oor 'n posafleweringdiens beskik het nie.<sup>218)</sup> Briewe is of bestel of moes deur geadresseerdes by die poskantoor afgehaal word en vir diegene wat nie hulle pos self kon gaan haal nie, was daar blykbaar posbusse op die dorp beskikbaar. In 1893 was daar sowat 361 in gebruik,<sup>219)</sup> terwyl die aantal steeds vermeerder het.<sup>220)</sup>

213) Ons Volk, 18/4/96.

214) P.W. 1897: Sertifikaat van uitbetaling vir laaste bedrag van aannemen prys, 8/11/97; U.R., art. 417, 28/5/97.

215) Waarskynlik in 1888.

216) T.V.R., art. 45, 10/5/95.

217) Staats Almanak 1896, p. 138.

218) E.V.R., art. 13, 5/5/97; U.R., art. 40, 23/1/96. Hiervolgens was daar twee bestellers en 'n bode in diens van die poskantoor. In 'n ander beskrywing van die dorp word gemeld dat die inwoners self hulle pos gaan afhaal het (J. Botha: Historia, p. 119).

219) T.V.R., art. 15, 3/5/93. Verslag van Posmeester-generaal.

220) Ibid., art. 45, 10/5/95.